
# Nuwe insigte oor SA-beleid ontbreek




**THE DEFENCE OF WHITE POWER: SOUTH AFRICAN FOREIGN POLICY UNDER PRESSURE**

*Jaster, R.S. Macmillan & The International Institute for Strategic Studies, London (204 bladsye, ongeveer R130).*

Suid Afrika se buitelandse beleid mag met die eerste oogopslag vir die gewone Suid-Afrikaner van min belang wees. Trouens, studies oor hierdie onderwerp is vir vele slegs van akademiese belang. Vir diegene wat die Suid-Afrikaanse politieke dinamika beter wil verstaan, is 'n wyer perspektief egter noodsaaklik.

Die huidige globale beweging in die rigting van toenemende ekonomiese interafhanklikheid hou vir Suid-Afrika belangrike implikasies in. Die Sowjet-Unie se "nuwe" benadering tot die oplossing van streekkonflikte, soos onlangs in Namibia en Angola geïllustreer, is 'n verdere kenmerk van die veranderende internasionale toneel. Hierdie verwikkeling beteken dat die politieke toneel in Suid-Afrika, wat reeds die aandag van die wêreld geniet, al hoe meer deur die optrede van internasionale akteurs beinvloed gaan word.

Die veranderende internasionale politiek het teweeggebring dat die skeidslyn tussen 'n regering se interne en eksterne politieke beleid só vervaag het dat waarnemers 'n staat se buitelandse beleid as 'n funksie van sy huishoudelike beleid beskou.

Hierdie perspektief impliseer dat die Suid-Afrikaanse regering se buitelandse beleid tot 'n groot mate in terme van sy apartheidsbeleid ontleed kan word. Heelwat skrywers oor buitelandse beleid verwys na die Suid-Afrikaanse regering se "soeke na sekuriteit" en "beskerming van apartheid". Jaster gebruik 'n soortgelyke benadering. Suid-Afrika se buitelandse beleid is volgens hom van belang vir die wêreld, omdat dit 'n belangrike steunpilaar vir die beskerming van wit minderheidsregering is. Die verdediging van apartheid is trouens die enkele oorkoepelende funksie van die Suid-Afrikaanse regering se buitelandse beleid. Die doelwitte van hierdie beleid word deur Jaster beskryf as die soeke na 'n verweer teen die "totale aanslag", asook die soeke na 'n teenwig teen pogings om Suid-Afrika internasionaal te isoleer. In suider-Afrika het Suid-Afrika sy oorweldigende ekonomiese en politieke mag aangewend om buurstate te dwing om guerrilla-aktiwiteite teen Suid-Afrika aan bande te lê.

Suid-Afrika se buitelandse beleid word gevolglik deur 'n futiele en dikwels desperate soeke na sekuriteit gekenmerk. Dit sluit die soeke na kliënte en bondgenote in — Westerse state wat aan Suid-Afrika toegang tot hoëtegnologie kan bied; mede-geïsoleerde state soos Israel en Taiwan wat militêre kundigheid en tegnologie kan verskaf; en ondergeskikte en afhanklike buurstate wat na Pretoria se pype sal dans. Jaster som hierdie soeke só op: "Pretoria's leaders have been willing to welcome as an ally any state which would support their struggle against an alleged Moscow-directed external threat, and which would accept, or at least not challenge, their system of white minority rule".

As bogenoemde die breë raamwerk vorm waarbinne Jaster buitelandse beleid ontleed, waaroor gaan sy boek dan? Jaster poog om Suid-Afrika se buitelandse beleid as 'n respons op binnelandse politieke inisiatiewe, insluitende die "totale aanslag", te ontleed. Sy aanbieding word in vier dele opgedeel: die Afrikaner se persepsie van Suid-Afrika se internasionale rol; die formulering van buitelandse beleid; wisselende buitelandse beleidstrategieë; en verslegtende verhoudinge met die Weste.

Hoe suksesvol is Jaster? In soverre Suid-Afrika se buitelandse beleid in historiese terme beskryf word, slaag Jaster geredelik. Sy beskrywing van Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in Angola en Namibia, asook sy strategie van regionale destabilisasie, vorm 'n interessante oorsig. Die res van die boek is egter minder geslaagd. Die proses van buitelandse beleidformulering is 'n onderwerp wat in afgelope jare met groot entoesiasme deur plaaslike skrywers aangepak is. Dit wil voorkom asof Jaster se ontleding van die besluitnemingsproses grootliks op die werk van Geldenhuys, Adam en Giliomee, Grundy, Seiler en andere steun. Dit bied gevolglik geen nuwe insigte nie.

Jaster se hoofstuk oor "Pretoria se kernvermoë", alhoewel interessant, gaan mank aan 'n belangrike vereiste: relevansie. Jaster merk self in die hoofstuk dat Suid-Afrika geen ooglopende strategiese rede het om kernwapens te besit of te vervaardig nie.

Twee verdere tekortkominge is die afwesigheid van 'n deeglike teoretiese raamwerk, wat tot 'n beperkte vooruitskouing lei; en die onkritiese gebruik van die "totale aanslag"-begrip. Is hierdie begrip (of sindroom) nog geldig, of word die belangrike beleidmakers se wêreldbeeld deur resente internasionale verwikkelinge beïnvloed? Die antwoord op laasgenoemde vraag behoort stof vir indringende navorsing te bied.

Die waarde van Jaster se boek lê in die beskrywende aard daarvan. Dit is egter terselfdertyd sy grootste gebrek. Alhoewel dit Jaster se doelwit was, het hy nie 'n indringende ontleding van die Suid-Afrikaanse regering se buitelandse beleid gemaak nie. Verskeie ander skrywers het voor 1988 juis dit probeer doen — en met groter sukses.

**Anthoni van Nieuwkerk**

☐ Anthoni van Nieuwkerk is navorsingsbeampte by die SA Instituut vir Internasionale Aangeleenthede.

## Letters From Page 3

If we really believe that we must start to build tomorrow today, then we cannot but condemn these actions. One hopes that Dr Slabbert and Idasa would continue to create the opportunity for people to come together and hear each other out — the government and disruptive elements permitting.

**Jill Weintroub**
**Cape Town**

## Working with Idasa

I have encountered your organisation through magazines and the press, and ultimately decided that this was my kind of organisation — one that will help me fight this oppression and collaboration which exist in our country.

I belong to the Chuenespoort Youth Congress at the moment and I am prepared and willing to work with you side by side until this evil regime is eradicated.

**B L Chauke**
**Chuenespoort**

## Matter of fact

Dr Van Zyl Slabbert, Idasa's director of policy and planning, has pointed out that an article under the headline, "The battle for a non-racial state", in the July edition of *Democracy in Action* could possibly create serious confusion concerning the relationship between "nation" and "state".

Dr Slabbert explained: "There is a fundamental difference between a *one-nation state* and *one nation-state*. The latter refers to an integrated state which may have a diversity of groups without them sharing a common sense of nationhood. The former refers precisely to an integrated state where there is a sense of nationhood.

"What I tried to say was that the NP has now accepted the concept of an integrated state but not the idea of one nation. This shift is going to generate a whole range of contradictions which the NP is historically incapable of resolving with the segregated structures it has created."